

Die kosmiese krisis



SABBATMIDDAG

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Esegïel 28:1, 2, 11-17; Genesis 3:1-7; Openbaring 12:1-17; Romeine 8:31-39; Openbaring 14:12.

Geheeteks:

“En die draak was vertoornd op die vrou, en hy het weggegaan om oorlog te voer teen haar ander nakomelinge wat die gebooië van God bewaar en die getuïenis van Jesus Christus hou” (*Op. 12:17, OAB*).

Die kosmiese stryd – oftewel “die groot stryd” – verteenwoordig die Bybelse wêreldbeskouing. Dit is daarteen dat die wêreldgeskiedenis hom afspeel, die raamwerk waarbinne die verhaal van die heelal ontvou. Sonde, lyding, die dood, die opkoms en val van beskawings, die evangelie wat tot aan die uithoeke van die aarde reik, en eindtydgebeure – al hierdie dinge geskied binne die konteks van die kosmiese stryd. Vandeesweek kyk ons na ’n paar plekke – deurslaggewende plekke – waar die saadjies van onmin geval en die groot stryd ontkiem het. Verstommend genoeg begin dit in die hart van ’n volmaakte wese, Lucifer, wat sy opstand teen die Allerhoogste aarde toe bring, deur twee ander volmaakte wesens, Adam en Eva, tot ’n val te bring. Dié twee gebeure – die val van Lucifer, en dié van ons stamouers – is die groot keerpunt, die ontstaansomblik, vir die groot stryd wat sedertdien in die heelal woed. Boonop raak daardie kosmiese krisis elkeen van ons. Die goeie nuus is: Nie net gaan daardie stryd tot ’n einde kom nie, Christus gaan heeltemal oor Satan triumfeer. Die goeie nuus eindig ook nie daar nie: Danksy die omvattendheid van Jesus se soendood deel ons ook in daardie oorwinning. Deel van daardie oorwinning is dat God ons nou tot ’n lewe van geloof en gehoorsaamheid roep, terwyl ons op die vervulling van daardie belofte in Jesus wag, die een wat ons die versekering gee dat Hy wel gaan kom.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 7 April.*

'n Volmaakte wese kom tot 'n val

'n Aantal vrae ontstaan wanneer 'n mens die geskiedenis in die lig van die Bybelse, kosmiese-konflik-raamwerk beskou. 'n Belangrike een is: Waar het dit alles dan begin? Die heelal is mos deur 'n liefdevolle God geskep. Derhalwe maak dit sin dat boosheid, geweld en konflik nie deel van die skeppingsbestel kan wees nie. Die groot stryd was egter 'n aparte gebeurtenis, en beslis nie 'n outomatiese uitvloeisel van die skepping nie. Tog het ons nou te doene met die groot stryd – dit is 'n voldonge feit, iets waarby almal van ons betrek word.

Lees Esegïel 28:1, 2, 11-17 en Jesaja 14:12-14. Wat leer ons uit hierdie teksverse oor die val van Lucifer en die begin van die kwaad?

Lucifer was 'n volmaakte wese en deel van die hemelse gesin. Hoe het sonde dan in sy hart opgekom, en boonop in die tuiste van God? Niemand weet nie. Miskien is dit hoekom die Bybel van “die verborgenheid van die ongeregtigheid” praat (2 Tess. 2:7, OAB). God het aan alle intelligente wesens die vermoë gegee om te kies. Dit is 'n wesentlike deel van die denkvermoë, en is al verklaring wat ons vir Lucifer se val het. Ellen G. White beskryf dit op so 'n aangrypende wyse: “Die presiese oorsaak van sonde ontwyk ons... Dit is 'n indringer, [’n ongenooide gas] wie se teenwoordigheid 'n mens dronkslaan. Sonde is 'n raaisel, iets waarvoor daar geen verklaring is nie – maar om dit af te maak, is om dit goed te praat. Indien 'n mens dit kon verskoon of 'n bestaansrede daarvoor kon vind, sou dit ophou om sonde te wees” (*The Great Controversy*, bl. 492, 493).

Die woordjie sonde, kan ook met die kwaad vervang word. Dit pas ewe goed: Die presiese oorsaak van die kwaad ontwyk ons... Dit is 'n indringer, [’n ongenooide gas] wie se teenwoordigheid 'n mens dronkslaan. Die kwaad is 'n raaisel, iets waarvoor daar geen verklaring is nie – maar om dit af te maak, is om dit goed te praat. Indien 'n mens dit kon verskoon of 'n bestaansrede daarvoor kon vind, sou dit ophou om die kwaad te wees.

Die mens se vryheid om te kies, is 'n voldonge feit. Dink nou aan jou eie ervarings met daardie gawe. Hoekom behoort 'n mens dan biddend en meer versigtig daarmee om te gaan?

Meer as net kopkennis

Hoewel ons nie kan sê hoekom sonde in die eerste plek ontstaan het nie (aangesien ons geen verklaring daarvoor het nie), sê die Skrif wel dat dit in Lucifer se binnestede opgekom het, toe hy nog in die hemel was. Benewens die fassinerende insigte wat Ellen G. White ons in haar geskryfte bied (let byvoorbeeld op die hoofstuk “Die Oorsaak van die Sonde” in *Die Groot Stryd*), wy die Bybel nie verder uit oor die bestaansrede vir sonde nie. Oor die totstandkoming van sonde op aarde, gee die Woord van God ons wel meer inligting.

Lees Genesis 3:1-7. Let op die verwickelinge in dié tragedie. Hoe toon dit dat Adam en Eva medepligtig was?

Besonder tragies is die feit dat Eva willens en wetens God se bepaling teëgegaan het. Sy het die slang pertinent daarop gewys: “God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons” (*Gen. 3:3, NAB*). “Aanroer” of “eet” – hoe dit ook al sy – Eva was bewus dat ’n gepeuter daarmee tot die dood sou lei.

Daardie bevel het Satan skaamteloos en doelbewus op sy kop gekeer. “Toe sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie” (*Gen. 3:3, OAB*). God se bevel en Satan se teenbevel kan nie meer van mekaar verskil nie. Satan se benadering het aanvanklik so subtiel gelyk, maar toe hy sien dat hy haar aandag het en dat sy geen teenstand bied nie, het hy die Here se bevel sommer regstreeks teëgegaan. Die groot tragedie is dat Eva wel van beter geweet het. Sy kon nie haar onkunde bepleit het, deur te sê: “Hoe moes ek dit nou geweet het?” nie. Sy is gewaarsku. Sy het oor die nodige inligting beskik en tog het sy die verkeerde ding gedoen. As voldoende inligting dan nie ’n voldoende afskrikmiddel vir Eva (en die ewe-skuldige Adam) was nie, met die gevolg dat hulle gesondig het, moet ons ook nie onself probeer flous nie: Om oor die nodige inligting te beskik, kan ons nie red nie. Ja, ons moet die Bybel en sy leer ken. Daarmee saam benodig ons eger die soort oorgawe wat ons gehoorsaam aan daardie leer sal maak.

God sê een ding, Satan iets anders. Ten spyte van die inligting waaroor Adam en Eva beskik het, het hulle besluit om eerder na Satan te luister. Nou, duisende jare later, is dit steeds so. Hoe kan ons daardie slaggate vermy?

Oorlog in die hemel en op aarde

Adam en Eva se val het die wêreld in sonde, boosheid en die dood gedompel. Soms stem mense nie saam oor die presiese oorsake van die sondeprobleem of wie die skuldige party is nie. Tog kan niemand ontken dat die wêreld die ene onstuimigheid, geweld, opstand en konflik is nie. Ons praat dikwels van 'n kosmiese stryd of 'n kosmiese konflik, en dit is inderdaad goed en reg. Ongeag die presiese kosmiese oorsprong van dié konflik, is en bly dit 'n krisis wat hier op aarde afspeel. Vanaf die sondeval in Genesis tot en met die eindtydgebeure wat die wederkoms van Jesus voorafgaan, sien 'n mens dit duidelik: Bybelgeskiedenis kom grotendeels op 'n Bybelse uitleg van die groot stryd neer. Ons is reg in die middel van dié stryd. Die Woord van God verduidelik vir ons wat aangaan, wie en wat daaragter sit, en bowenal, wat die uiteinde gaan wees.

Lees Openbaring 12:1-17. Wat sê hierdie hoofstuk vir ons, watter oorloë (oftewel konflikte) het in die hemel en ook hier op aarde ontvou?

Hier lees ons van twee oorloë – een in die hemel, en 'n ander op aarde. Die eerste woed tussen Migael (wat in Hebreeus “Wie is soos God?” beteken) en die draak (*Satan, Op. 12:7-9*). Later word die rebelleier hernoem. Derhalwe word Lucifer herdoop na Satan (oftewel “Die Teëstander”) – 'n geskape wese wat hom teen die ewige Skepper, Jesus, verset (*Heb. 1:1, 2; Joh. 1:1-4*). Lucifer kom in opstand teen sy Skepper. Die groot stryd gaan nie oor gode wat slaags raak nie, maar oor 'n skepsel wat teen sy Skepper rebelleer. Wat meer is, hy voer daardie rebellie tot by die skepping en betrek hulle daarby.

Na sy nederlaag in die hemel, neem hy sy stryd teen Christus aarde toe, om die Christuskind daar aan te val (*Op. 12:4*). Na daardie poging ook faal, insluitende sy mislukte aanvalle op Christus in die woestyn en later aan die kruis (wat vir hom 'n onomkeerbare nederlaag was), sak hy op die volgelingen van Jesus toe. Daardie oorlog woed reg deur die geskiedenis van die Christendom (*Op. 12:6, 14-16*) en sal voortwoed totdat die einde kom (*Op. 12:17*), totdat Satan 'n verdere nederlaag ly, dié keer by die wederkoms van Jesus.

Lees Openbaring 12:10-12. Watter hoop put 'n mens uit hierdie skrifgedeelte, en dit te midde van al die stryd en konflik waarvan ons tot dusver gelees het?

‘Met julle, tot aan die voleinding van die wêreld’

Die vervolging wat God se kinders vir die grootste gedeelte van die kerkgesiedenis in die gesig sou staar, is iets wat deur Openbaring voorspel word. Openbaring 12:6 se 1 260 profetiese dae (*lees ook Op. 12:14*) dui op 1 260 jaar van vervolging. “Hierdie vervolgings, wat by Nero begin het (min of meer in die tyd toe Paulus gemartel is), het deur die eeue heen tot ’n mindere of meerdere mate voortgeduur. Christene is van die aakligste misdade denkbaar beskuldig en al die groot rampe – die hongersnode, peste en plaë, en aardbewings – is aan hulle toegedig. Met die lede van die vroeg-Christelike kerk wat gou die teken van haat en agterdog geword het, was daar ook skielik hope informante, wat vir geldelike gewin die onskuldiges aan die pen laat ry het. Christene is tot rebelle verklaar, vyande van die staat en van godsdiens, en lasposte in die samelewing. Tallose gelowiges is in amfiteaters vir roofdiere gevoer of lewendig verbrand” (*The Great Controversy*, bl. 88).

In daardie tyd het die vrou (d.w.s. die kerk) na die woestyn gevlug (*Op. 12:6*). Sy word twee maal met arendsvlerke uitgebeeld, wat ’n verdere beeld oproep, te wete dié van ’n voël wat na ’n veilige plek wegvlieg. Daar in die woestyn is die vrou versorg, en die slang (oftewel Satan) kon haar nie daar bykom nie (*Op. 12:14*). In tye van strawwe vervolging bewaar God telkens ’n oorblyfsel, iets wat Hy weer in die eindtyd sal doen.

In die lig van die eindtydbeprowings sê Jesus aan sy kinders: “En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld” (*Matt. 28:20, OAB*). Hoe maak ’n mens egter sin van dié wonderlike belofte, en dit te midde van die foltering en marteldood wat so baie van sy getroue kinders moes deurmaak? (*Lees Rom. 8:31-39 en Matt. 10:28*.)

Niks kan ons van God se liefde skei nie – nie vervolging, hongersnood of selfs die dood nie. Christus se teenwoordigheid in ons lewens, hetsy in die hede of net voor sy wederkoms, beteken nie dat ons pyn, lyding, beproewing of selfs die dood gaan vryspring nie. Hier is geen sprake dat ons van die hartseer van die teenswoordige wêreld gevrywaar gaan word nie. Wat dit wel beteken, is dat ons – deur Jesus, en deur al die gawes wat Hy ons skenk – nou die hoop en die belofte het dat Hy hierdie beproewings saam met ons sal deurmaak, en dat die ewige lewe, in ’n nuwe hemel en op ’n nuwe aarde, ons in wag. Ons het dus ’n lewende hoop. Ten spyte van alles wat ons hier deurmaak, kan ons dieselfde sekerheid as Paulus hê: “Verder is vir my weggelê die kroon van die geregtigheid wat die Here, die regverdigde Regter, my in dié dag sal gee; en nie aan my alleen nie, maar ook aan almal wat sy verskyning liefgehad het” (*2 Tim. 4:8, OAB*). Hierdie beloftes en die hoop wat dit bring, is ook vir dié van ons “wat sy verskyning liefgehad het.”

Die wet en die evangelie

Die naam Sewendedag-Adventis is in vele opsigte die vergestaltung van ons strewende. Die “Sewendedag”-gedeelte het te make met die Sewendedag-Sabbat, wat op die getroue navolging van meer as net die vierde gebod dui, naamlik dat ons, by implikasie, ook al tien moet onderhou. Die “Adventis”-gedeelte het betrekking op die Adventhoop, ons geloof in die wederkoms van Jesus. Dié waarheid het ons uitsluitlik danksy die soendood van Jesus, met sy eerste koms na die aarde. Derhalwe dui ons naam – Sewendedag-Adventiste – op twee deurslaggewende en onafskeidbare aspekte van die teenswoordige waarheid, naamlik die wet van God en die evangelie.

Die wet van God en die evangelie vorm twee dele van ’n geheel. Hoe word dit in die volgende teksverse verwoord?

Jer. 44:23

Rom. 3:20–26

Rom. 7:7

Die evangelie is inderdaad die blye boodskap, die goeie nuus – ten spyte van die feit dat ons gesondig het deur die wet van God te verbreek, kan ons nou deur geloof in Christus se soendood vergifnis vir daardie oortreding ontvang. Wat meer is, ons ontvang ook die krag om daardie geboeie, in sy geheel en ten volle, te volg. Gesien binne die konteks van die eindtyd, met die groot stryd wat op sy felste is, is dit geen wonder dat God se kinders op ’n unieke manier uitgebeeld word nie.

Lees Openbaring 14:12. Hoe toon dit aan dat die wet en die evangelie twee dele van ’n geheel vorm?

As Sewendedag-Adventiste glo ons aan die navolging van God se wet. Die vraag is net: Hoe wys ’n mens aan ander dat daardie gehoorsaamheid Adventiste nie wetties maak nie, maar dat dit ’n natuurlike uitvloeisel van ons liefde vir God is en die verlossing wat Hy ons geskenk het? Hoe rugsteun teksverse soos Deuteronomium 11:1 en 1 Johannes 5:3 die punt wat ons probeer tuisbring?

Vir verdere studie:

Lees Openbaring 12:9-12 en “Why Was Sin Permitted?” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 33-43). “Met alle geskape wesens wat hul beloofde liefde aan God gestand gedoen het, het volmaakte harmonie in die heelal geheers. Om die wil van die Skepper uit te voer, het die hemelskare groot vreugde gebring. Om sy heerlikheid te weerspieël en lof aan Hom te bring – daarin het hulle hulle verlustig. Hoewel liefde vir God voorrang geniet het, het naasteliefde ook gegeld. Dit was onselfsugtig en eerlik. Van onenigheid was daar geen sprake nie, niks om die hemelse harmonie te versteur nie. Toe kom daardie geluk eensklaps tot ’n einde. ’n Kwaadstoker neem sy godgegewe vermoë om te kies – ’n gawe wat God aan alle [denkende] skepsels gegee het – en misbruik dit. Sonde het begin by die een, wat naas Christus, die mees geëerde wese in die hemelhowe was” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, bl. 35). In die oorspronklike Engels praat Ellen G. White van die “allegiance of love” (oftewel die “goedertierenheid en trou” van liefde wat God se kinders “gestand doen”). Dit is ’n kragtige sinsnede, geweldig betekenisvol, en dui op die feit dat liefde tot getrouheid lei, dat dit ’n belofte is. ’n Getroude paartjie bewys juis hul liefde aan mekaar deur hul getrouheid. Dit is hoe dit vir die hemelwesens is, en dit is ook die lig waarin ons ons vriendskap met God moet beskou.

Vrae vir bespreking:

1. Watter bewyse het ons vir dié dinge – nie net vir Satan se bestaan nie, maar ook sy rol in die groot stryd? Hoe kan ons mense tot die oortuiging bring dat Satan wel bestaan, as ’n persoon, en nie slegs as simbool vir die donker kant van die mens nie?
2. Ons is waarlik geseënd as Sewendedag-Adventiste, in dié opsig dat ons ongelooflik baie kennis oor bybelwaarhede het. Ten spyte van dié grootse voorreg, kan daardie kennis nie vir ons verlossing bring nie. Hoe so? Wat het ons dan nog nodig, bo en behalwe intellektuele kennis?
3. Op watter maniere ervaar jy die teenwoordigheid van Jesus in jou eie lewe (of: Hoe het jy dit al in jou eie lewe ervaar?). Hoe kan sulke ervarings ’n mens help wanneer probleme begin kop uitsteek?
4. Ellen G. White praat van “goedertierenheid en trou” van God, wat “voor Sy aangesig uitgaan”. Bespreek dié sinsnede in klastyd. Hoe kan daardie begrip ons help om die verband tussen wet en genade, en gehoorsaamheid en geloof, beter te verstaan? Wat leer ons daaruit oor die inherente vryheid wat in sulke liefde te vinde is? Op watter manier kan die gelowige, selfs in ons dag, daardie “goedertierenheid en trou” “gestand doen”?